## 7 Februarie - BESTRAF

**Skrifgedeelte: Markus 4:35-41**
**Fokusgedeelte: Markus 4:39**

Storms van onsekerheid. Winde van verandering. Golwe van misdaad. Waarheen is ons in hierdie land van ons op pad? Die vraag wat soms by jou opkom, is: Is ons nie tog maar onafwendbaar op 'n pad van vernietiging en ondergang nie? Dit voel of ons lewensbootjie net nie die geweld van al die aanslae kan hanteer nie. Daarom laat menige vrae van onsekerheid oor ons toekoms, wat dikwels by jou kom spook, 'n mens gereeld bang en moedeloos voel.

Toe die dissipels, met die Here Jesus saam in die skuit, na die oorkant van die see van Galilea gevaar het, het daar skielik 'n groot storm losgebars. Die golwe het in die skuit geslaan en hulle was bang dat hulle sou vergaan. Die Here Jesus is by hulle, maar nogtans is hulle bang. Nadat Hy die wind bestaf het en vir die see gesê het om te bedaar, het daar 'n groot stilte gekom. Dan vra Hy: *Waarom is julle bang? Het julle dan nie geloof nie?*

Ons word natuurlik bang as ons voel die storms van die lewe gaan ons oorweldig. En dit terwyl die Here Jesus by ons is! Dat ons as gelowiges wel soms kan voel asof die Here ons verlaat het, is natuurlik glad nie ongekend nie. Dawid het so gevoel: *Hoe lank gaan U my nog bly vergeet, Here? Vir altyd? Hoe lank gaan U nog van my af weg kyk?* (Ps13:2). Habakuk het ook dieselfde ervaar: *Hoe lank moet ek om hulp roep voordat U hoor, Here, moet ek by U bly kla oor geweld voordat U red?* (Hab1:2). Ons vergeet so maklik dat ons Here Jesus Christus gesê het: *En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld* (Matt 28:20).

Ons Here Jesus het alle mag in die hemel en op die aarde. Hy is elke dag, elke oomblik by ons. Daarom kan ons saam met Paulus jubel en juig oor ons oorwinning. Ja, niks kan ons mos van sy teenwoordigheid en sy liefde skei nie!

Die vraag wat Hy destyds aan sy dissipels gevra het, en wat ons vandag weer moet hoor, is: Waarom is julle bang? Het julle dan nie geloof nie? Hy maak storms stil, ook in ons harte.

*Sing: Psalm 31:1 (1936-beryming)*

*Dr DJ de Kock (Krokodilrivier)*